justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE DIE CEO (10/15)

*Justin Chadwick (27 Maart 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "You have to learn the rules of the game. And then you have to play better than anyone else" Albert Einstein***

## EERSTE VERGADERING - SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF) VIR 2015

'n Klein groepie het die eerste CMF vergadering vir 2015 bygewoon. Gehalte is tydens die dag bespreek – met markte wat onder druk is, ongunstige wisselkoerse en hoë kostes is die bedryf geadviseer om 'n versigtige benadering tot uitvoere in 2015 te volg – maak seker dat slegs goeie kwaliteit uitgevoer word en lewer op aanvraag. Om pakhuise oorsee vol te maak met vrugte wat nie van die regte kwaliteit is nie, voorspel niks goed nie. Die Sitrus Summit wat in Maart gehou is, het die skattingproses ontwrig en die CMF het besluit om nie die voorlopige skatting goed te keur totdat almal 'n kans gehad het om die syfers te bestudeer nie. Hopelik sal dit teen volgende Vrydag beskikbaar wees.

## OPENBARE VERHOOR RAKENDE DIE LANDBOUPRODUK STANDAARDE (LPS) WYSIGINGSWETSONTWERP

DAFF het laat kennisgewings uitgestuur vir openbare verhore oor die LPS wysigingswetsontwerp. Die eerste verhoor vind plaas by die Stellenbosch Kwarantynstasie op Dinsdag 31/3; gevolg deur Protea Upington Hotel op 8/4; Durban Protea Hotel Edward op 13/2; PE Protea Marine Hotel op 15/4; Tzaneen Magoebaskloof Hotel op 20/4, en Harvest House (DAFF) in Pretoria op 23/4. Alle vergaderings begin om 09:00. **Vir media navrae kontak asseblief vir:** Me Makenosi Maroo, Hoofdirekteur: "Stakeholder Relations and Communications", Tel.: (012) 319 6787, Sel: 072 475 2956, E-pos: MakenosiM@daff.gov.za. **Vir tegniese navrae kontak asseblief vir:** Mnr Billy Makhafola, Uitvoerende Beampte: Landbouproduk Standaarde, Department Landbou, Bosbou en Visserye, Tel.: (012) 319 6023, E-pos: BillyM@daff.gov.za

## SITRUSLEGENDE # 2: HOPPIE NEL

Die tweede sitruslegende was ook teenwoordig by die eerste vergadering van die CGA. Hy was ook 'n Raadslid vanaf die eerste vergadering van CRI en vandag dien hy nog steeds op die Raad. Hy is nie tans 'n produsent nie – maar was baie betrokke by verbouing, verpakking en verspreiding van sitrus in die verlede – en is steeds 'n bron van kennis vir die bedryf. Hy is tydens die eerste vergadering as die tesourier verkies, die posisie as tesourier is egter nooit weer in notules van CGA vergaderings genoem nie – so of hy is nog steeds die tesourier of hy het fondse verkeerd aangewend en is summier afgedank of meer waarskynlik is dat die posisie nooit weer nodig was nie. Vanaf daardie eerste vergadering het hierdie legende op die CGA Raad vir 17 opeenvolgende jare gedien – twee jaar as Onder Voorsitter en vier as Voorsitter. Anders as sy mede legendes was hy nie so uitgesproke nie – hy is geneig om stil-stil sy punt te maak, laat uitgebreide debat toe en formuleer 'n konsensus besluit. Sy grootste bydrae tot die bedryf was sy betrokkenheid in die navorsingsaktiwiteite – benewens sy CGA en CRI Raad se verantwoordelikhede is hierdie legende die CRI Voorsitter sedert 2012.

Op die CGA Raad het hy altyd seker gemaak dat 'n saak goed bespreek is. Hy was nie bereid om net saam met die stroom te gaan nie, het aanhoudend die besluite wat geneem is bevraagteken en konsternasie vir die vergadering se voorsitter veroorsaak as hy na die volgende punt wou beweeg. As gevolg hiervan was die besluite wat geneem is die regte besluite!!

Op 'n persoonlike noot het ek en hierdie legende 'n besigheidreis na Singapore in die vroeë 2000's onderneem. Soos altyd met die CGA se besparingsmaatreëls in plek het ons 'n hotelkamer gedeel. Nie 'n goeie ervaring nie. Ek het probeer om toiletpapier in my ore te druk en het uiteindelik in die bad gaan slaap – niks kon egter die geluid van sy snorkery demp nie. Ek het dus die volgende dag in my eie kamer ingetrek.

Soos in die geval van Peter Nicholson het hierdie legende ook die doelwitte van die sitrusprodusente gekoester deur die CGA by die Sitrusbemarkingsforum te verteenwoordig – sy bydrae ten opsigte van marktoegangsprioriteite het rigting aan die Forum gegee.

Hoppie Nel is Sitruslegende nommer 2 vir sy lang en toegewyde betrokkenheid in die bedryf en sy bereidwilligheid om op alle vlakke te dien en vir sy intellek en analitiese vernuf om pertinente kwessies te ondersoek.

## SIZA VISA PROGRAM

Die SIZA VISA program is 'n nasionale inisiatief wat onder die SIZA program val. Deur SIZA VISA kan werknemers opleiding aan plaas- en pakhuiswerkers verskaf wat 'n wetlike vereiste is. Na opleiding ontvang werkers unieke SIZA VISA kaarte met 'n strepieskode en reeksnommer, wat bewys van opleiding verskaf en hul aan die SIZA VISA databasis koppel.

SIZA VISA bestaan uit 'n DVD met basiese inleiding tot die SIZA program en vier onafhanklike modules wat Etiese Handel en die SIZA program; Gesondheid en Veiligheid, Higiëne, Werksplek beleide en prosedures, kontrakte en salarisstrokies insluit. Ondersteunende materiaal sluit plakkate in wat sleutelpersoneellede aandui asook 'n insiggewende handleiding en SIZA VISA kaarte.

Die DVD is vir werkers ontwikkel en gebruik hul taal om inligting te verskaf. Dit is geskik vir alle kategorieë van werkers en is in vier tale beskikbaar: Engels, Afrikaans, isiXhosa en Sesotho.

SIZA VISA is 'n hulpbron vir SIZA-lede wat inhuis gebruik kan word sonder enige addisionele kostes.

Die SIZA VISA werkswinkels word sedert Februarie 2015 regdeur Suid-Afrika aangebied. Persone kan verniet bywoon en sal 'n opleidingspakket ontvang, wat die DVD, handleiding, plakkate en SIZA VISA kaarte vir werknemers insluit.

**Hoe kan ek deelneem?**

Werkswinkels vind regdeur Suid-Afrika oor die volgende vier maande plaas:

**Wes-Kaap**: Ladismith; Robertson; Paarl; Grabouw; Villiersdorp; Ceres; Stellenbosch; De Doorns ; **Oos-Kaap**: Kirkwood; Hermitage; Patensie; Langkloof ; **Noord-Kaap**: Augrabies; Kakamas; **KwaZulu-Natal en die Vrystaat**: Eshowe; Richmond; Bethlehem; **Limpopo en Mpumalanga**: Nelspruit; Hazyview; Burgersfort

Om te registreer & vir meer inligting, kontak RSS Afrika: admin@rss-africa.com / 083 265 9036 / 086 615 9685 (faks).